Wie was Jesus regtig gewees?
7 Januarie 2007, Ds Freddie Schoeman

Wie was Jesus regtig gewees? Ek bedoel nou: as *mens*, toe Hy op aarde was. Wie was Hy werklik gewees? Dit is ‘n kardinaal belangrike vraag vir ons as gelowiges, ons wat onsself “Christene” noem. As ons die Naam van Christus dra, dan is dit wat Hy gesê en gedoen het toe Hy op aarde was noodwendig van deurslaggewende belang. Sy waardes moet ons waardes wees. Dit wat vir Hom belangrik was, moet ook vir ons belangrik wees. Dit wat Hy ernstig opgeneem het moet ons ook ernstig opneem.

Vir *ongelowiges* is die vraag na wie Jesus werklik was, óók belangrik. Almal wat met Jesus te doen kry op welke manier ook al, word genoop tot ‘n keuse: vir of teen. Want dit is wat Jesus vra: óf totale toewyding óf niks.

Om die vraag te vra na wie Jesus was is ‘n effe gevaarlik vraag omdat die antwoorde wat ons kry wanneer ons ‘n bietjie ondersoek instel – nie strook met die populêre prentjie van Jesus wat die meeste gelowiges en ongelowiges in hulle gedagtes het nie. Almal van ons het ‘n prentjie van Jesus waarmee ons grootgeword het en wat ons uit kinderbybels en kunstenaars en flieks en populêre geestelike literatuur gevorm het. Die oorgrote meerderheid van die hedendaagse populêre geestelike literatuur bevorder die tradisionele populêre prentjie. Dis daarom so ‘n bietjie ‘n skok op die sisteem wanneer ons begin besef wie Jesus werklik was.

As ons soek na ‘n antwoord op hierdie vraag, dan word ons gekonfronteer met ‘n aantal probleme. ***Eerstens, die historiese probleem:*** ons leef in ‘n ander tydvak as Jesus – daar is ‘n tweeduisend jaar gaping tussen ons en Jesus. Om ‘n brug van meer as 2000 jaar te slaan is nie so maklik nie. Tweeduisend jaar is ‘n baie lang tyd! Maar as ons wil weet wie Jesus regtig was, dan moet ons Jesus se tyd probeer verstaan.

Die wêreld was baie anders in Jesus se tyd. Jesus is gebore in ‘n tyd toe die Romeine die wêreldheersers was. Met sy geboorte was Keiser Augustus aan bewind gewees. Hy is opgevolg deur Keiser Tiberius gedurende wie se bewind Jesus se openbare bediening plaasgevind het. In Palestine, met Jesus se geboorte, wat Herodus die Grote aan bewind oor die hele Galilea, Samaria en Judea – die Romein het hom toegelaat om te regeer. Twee of drie jaar ná Jesus se geboorte, is hy oorlede en het drie van sy seuns by hom oorgeneem. Archelaus het

Judea oorgeneem en Antipas het Galilea oorgeneem. Archelaus het het egter droog gemaak op groot skaal en die Romeine het hom ontneem van sy mag en ‘n Romeinse goewerneur het oorgeneem – tydens Jesus se openbare bediening was hierdie goewerneur Pontius Pilatus gewees (26 – 36nC).

Jesus se tuisdorp was Nasaret gewees in die provinsie Galilea. Die heerser van hierdie gebied was Herodus Antipas. Onder sy bewind is Johannes die Doper gevange geneem en later tereg gestel. Toe Jesus verhoor was in Jerusalem het Jesus ook voor hom verskyn.

Galilea was ‘n drukpot van politieke geweld en oproer. Dit het elke dan en wan oorgekook. Joodse nasionalisme was sterk gewees en Romeinse hulp moes telkens ingeroep word om opstande en rebellies te keer. Sewentig jaar na Jesus se geboorte was daar ‘n grootskaalse oorlog tussen die Jode en die Romeine. Hierdie oorlog 66-70nC het ‘n beslissende effek gehad op die toekoms van beide die Jodendom en die kerk.

Tweedens, die kulturele probleem. Jesus se kultuur, die kultuur waarbinne Hy gebore is en waarbinne Hy grootgeword het, verskil radikaal van ons s’n.

Dis belangrik om te besef dat Jesus nie ‘n Christen was nie. Hy was ‘n Jood gewees. Sy ouers was godsdienstige Jode gewees. Hy het in ‘n Joodse huis grootgeword met Joodse gewoontes binne ‘n Joodse kultuur. Hy het ‘n Joodse opvoeding ontvang, ‘n opvoeding waarin die Torah – die eerste vyf boeke van die Bybel – ‘n uiters belangrike rol gespeel het. Jesus se Bybel was dus nie die Bybel wat ons vandag ken nie – sy Bybel was die Torah en die profete.

Derdens, die taalprobleem. Jesus het waarskynlik Aramees gepraat, maar die geskrifte waaroor ons beskik – die evangelies – wat Jesus se woorde bevat is in Grieks. Ons praat Afrikaans.

Vierdens, die politieke probleem. Die politiese situasie binne die Jodendom van Jesus se tyd was uiters kompleks. Daar was vier hoofpartye wat met mekaar in ‘n magstryd gewikkel was. Politiek en godsdiens vermeng.

- **Sadduseërs**: priesterhoofde, familiehoofde + saamwerk met die Romeine @ rewolusie
- **Fariseërs**: mense van die wet. Heilige en rein. + teësinnige samewerking @ rewolusie

- **Esseners:** onttrek uit samelewing. @ saamwerk + rewolusie (God)
- **Selote:** Joodse nasionaliste, vrydheidsvegters. @ samewerking + rewolusie

Skrifgeleerdes

Jesus het nie tot een van hierdie partye behoort nie. Hy was wel ‘n rabbi, maar ‘n spesiale soort rabbi. (Die mense was verbaas gewees oor Jesus se leer …)

Vyfdens, die probleem van Jesus se boodskap

Jesus se boodskap: die koninkryk van God.

As ek aan die deursnee Christen die vraag sou vra: “wat is die evangelie?”, sou ek byna deur die bank ‘n antwoord gekry het soos: *Jesus het vir ons aan die kruis gesterf om te betaal vir ons sondes en almal wat dit glo gaan hemel toe*.

Dis natuurlik nie verkeerd nie – dis heeltemal waar. Maar dit is nie fokuspunt van Jesus se definisie van die evangelie nie. Ons kry Jesus se definisie van die evangelie in Mk 1:15: Die tyd nou. Die koninkryk van God het naby gekom! Bekeer julle en glo die evangelie.

Jesus se boodskap was dus: Ek het Goeie Nuus! God se koninkryk het naby gekom – God is besig om sy koninkryk op aarde te realiseer / God is besig om sy heerskappy op aarde vestig. God het die wêreld kom oorneem! God se toekoms is besig om die hede in te breek. Die mag van die bose is aan die kwyn. Die goeie is besig om die bose te oorwin.

Terwyl die meeste Christene daarop fokus om eendag hemel toe te gaan, was die fokus van Jesus se boodskap presies die teenoorgestelde: die hemel is besig om aarde toe gekom!

Ongelukkig doen die populêre teologie – wat ons die oorgrote meerderheid van geestelike boeke in populêre ons hier nie ‘n guns nie. In boeke soos die Left Behind reeks en ander soortgelyke boeke gaan dit daaroor om soveel as moontlik mense te bekeer en saam te vat hemel toe. Jesus roep ons egter nie om soveel as moontlik mense hemel toe te vat nie, maar om soveel as moontlik die koninkryk van God konkrete gestalte op aarde te gee.

Ons Vader gebed.

Die probleem is dat die begrip: *die Koninkryk van God* ‘n vreemde begrip is. Ons verstaan nie so goed wat dit alles behels nie. Die mense van Jesus se tyd het dit baie goed verstaan. Hulle het onmiddellik gesnap. En hulle het die implikasie daarvan verstaan. Hulle het besef dat dit ‘n gevaarlike boodskap was; ‘n polities gelaaide boodskap*. Dit is waarom hulle Hom doodgemaak het.*

Dit het geweldige implikasies vir ons vandag!

Die koninkryk van God het te doen met die hier en die nou – nie net met die eendag nie. Ja, die eendag kom – wanneer alles volkome herstel sal word.

- As ons weet dat die trane eendag afgedroog gaan word … (hongersnood armoede)
- As ons weet dat die leed, smart en pyn eendag oorwin sal word … (verhoudings skipbreuk ly)
- As ons weet dat die bose eendag finaal oorwin sal word … (misdaad, onreg, uitbuiting, gesinsgeweld)

Net soos destyds roep Jesus vandag nog mense as sy dissipels, om alle menslike lojaliteite af te lê en Hom te volg, om sy koninkryk konkrete gestalte te gee in die hier en die nou …